Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 553 Cape Town, Kaapstad, 5 July 2011 No. 34433

## THE PRESIDENCY

No. 559 5 July 2011

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 7 of 2011: Local Government: Municipal Systems Amendment Act, 2011**

## DIE PRESIDENSIE

No. 559 5 Julie 2011

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Nr. 7 van 2011: Wysigingswet Op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2011**

9 771682 584003 34433

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_______ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 2 July 2011)*

# ACT

**To amend the Local Government: Municipal Systems Act, 2000, so as to insert and amend certain definitions; to make further provision for the appointment of municipal managers and managers directly accountable to municipal managers; to provide for procedures and competency criteria for such appointments, and for the consequences of appointments made otherwise than in accordance with such procedures and criteria; to determine timeframes within which performance agreements of municipal managers and managers directly accountable to municipal managers must be concluded; to make further provision for the evaluation of the performance of municipal managers and managers directly accountable to municipal managers; to require employment contracts and performance agreements of municipal managers and managers directly accountable to municipal managers to be consistent with the Act and any regulations made by the Minister; to require all staff systems and procedures of a municipality to be consistent with uniform standards determined by the Minister by regulation; to bar municipal managers and managers directly accountable to municipal managers from holding political office in political parties; to regulate the employment of municipal employees who have been dismissed; to provide for the Minister to make regulations relating to the duties, remuneration, benefits and other terms and conditions of employment of municipal managers and managers directly accountable to municipal managers; to provide for the approval of staff establishments of municipalities by the respective municipal councils; to prohibit the employment of a person in a municipality if the post to which he or she is appointed is not provided for in the staff establishment of that municipality; to enable the Minister to prescribe frameworks to regulate human resource management systems for local government and mandates for organised local government; to extend the Minister's powers to make regulations relating to municipal staff matters; to make a consequential amendment to the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, by deleting the provision dealing with the appointment of municipal managers; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 32 of 2000**

**1.** Section 1 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

---

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 2 Julie 2011)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000, ten einde sekere omskrywings in te voeg en te wysig; verder voorsiening te maak vir die aanstelling van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is; voorsiening te maak vir prosedures en bevoegdheidsmaatstawwe vir sodanige aanstellings, en vir die gevolge van aanstellings wat nie ooreenkomstig sodanige prosedures en maatstawwe gemaak is nie; om tydraamwerke te bepaal waarin prestasie-ooreenkomste van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is afgehandel moet word; voorts voorsiening te maak vir prestasie-evaluering van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is; te vereis dat dienskontrakte en prestasie-ooreenkomste van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is, bestaanbaar is met die Wet en enige regulasies wat die Minister uitvaardig; te vereis dat alle personeelstelsels en -prosedures van 'n munisipaliteit bestaanbaar is met eenvormige standaarde wat die Minister by regulasie bepaal het; munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is, te belet om politieke ampte in politieke partye te beklee; die indiensneming van munisipale werknemers wat ontslaan is te reguleer; voorsiening te maak vir die Minister om regulasies uit te vaardig rakende die pligte, besoldiging, voordele en ander diensvoorwaardes van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is; voorsiening te maak vir die goedkeuring van diensstate van munisipaliteite deur die onderskeie munisipale rade; die indiensneming van 'n persoon in 'n munisipaliteit te verbied as voorsiening nie in die diensstaat van daardie munisipaliteit gemaak is vir die pos waarin hy of sy aangestel word nie; die Minister in staat te stel om raamwerke voor te skryf om menslike hulpbronbestuurstelsels vir plaaslike regering en mandate vir georganiseerde plaaslike regering voor te skryf; die Minister se bevoegdhede uit te brei om regulasies uit te vaardig rakende munisipale personeelaangeleenthede; 'n gevolglike wysiging aan die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, aan te bring deur die bepaling oor die aanstelling van munisipale bestuurders te skrap; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 32 van 2000**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000) (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* by the substitution for the definition of "municipal manager" of the following definition:

" **'municipal manager'** means a person appointed in terms of section **[82 of the Municipal Structures Act]** 54A;"; and

*(b)* by the insertion after the definition of "parent municipality" of the following definition:

" **'political office'**, in relation to a political party or structure thereof, means—

*(a)* the position of chairperson, deputy chairperson, secretary, deputy secretary or treasurer of the party nationally or in any province, region or other area in which the party operates; or

*(b)* any position in the party equivalent to a position referred to in paragraph *(a)*, irrespective of the title designated to the position;".

**Insertion of section 54A in Act 32 of 2000**

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 54:

**"Appointment of municipal managers and acting municipal managers**

**54A.** (1) The municipal council must appoint—

*(a)* a municipal manager as head of the administration of the municipality; or

*(b)* an acting municipal manager under circumstances and for a period as prescribed.

(2) A person appointed as municipal manager in terms of subsection (1) must at least have the skills, expertise, competencies and qualifications as prescribed.

(2A) *(a)* A person appointed in terms of subsection (1)*(b)* may not be appointed to act for a period that exceeds three months.

*(b)* A municipal council may, in special circumstances and on good cause shown, apply in writing to the MEC for local government to extend the period of appointment contemplated in paragraph *(a)*, for a further period that does not exceed three months.

(3) A decision to appoint a person as municipal manager, and any contract concluded between the municipality and that person in consequence of the decision, is null and void if—

*(a)* the person appointed does not have the prescribed skills, expertise, competencies or qualifications; or

*(b)* the appointment was otherwise made in contravention of this Act.

(4) If the post of municipal manager becomes vacant, the municipality must—

*(a)* advertise the post nationally to attract a pool of candidates nationwide; and

*(b)* select from the pool of candidates a suitable person who complies with the prescribed requirements for appointment to the post.

(5) The municipality must re-advertise the post if there is no suitable candidate who complies with the prescribed requirements.

(6) *(a)* The municipality may request the MEC for local government to second a suitable person, on such conditions as prescribed, to act in the advertised position until such time as a suitable candidate has been appointed.

*(b)* If the MEC for local government has not seconded a suitable person within a period of 60 days after receipt of the request referred to in paragraph *(a)*, the municipality may request the Minister to second a suitable person, on such conditions as prescribed, until such time as a suitable candidate has been appointed.

(7) *(a)* The municipality must, within 14 days, inform the MEC for local government of the appointment process and outcome, as may be prescribed.

*(a)* deur die omskrywing van "munisipale bestuurder" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'munisipale bestuurder'** 'n persoon wat ingevolge artikel **[82 van die Munisipale Strukture Wet]** 54A aangestel is;"; en

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "plaaslike munisipaliteit" in te voeg:

" **'politieke amp'**, ten opsigte van 'n politieke party of struktuur daarvan—

*(a)* die amp van voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, ondersekretaris of tesourier van die party op nasionale vlak of in enige provinsie, streek of ander area waarin die party werksaam is; of

*(b)* enige amp in die party gelykstaande aan 'n amp in paragraaf *(a)* bedoel, ongeag die titel wat aan die amp toegeken is;".

**Invoeging van artikel 54A in Wet 32 van 2000**

**2.** Die volgende artikel word hierby na artikel 54 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Aanstelling van munisipale bestuurders en waarnemende munisipale bestuurders**

**54A.** (1) Die munisipale raad moet—

*(a)* 'n munisipale bestuurder as hoof van die administrasie van die munisipaliteit aanstel; of

*(b)* 'n waarnemende munisipale bestuurder onder die voorgeskrewe omstandighede en vir 'n voorgeskrewe tydperk aanstel.

(2) 'n Persoon ingevolge subartikel (1) as munisipale bestuurder aangestel, moet ten minste die voorgeskrewe vaardighede, kundigheid, bevoegdhede en kwalifikasies hê.

(2A) *(a)* 'n Persoon ingevolge subartikel (1)*(b)* aangestel, mag nie aangestel word om vir 'n tydperk langer as drie maande waar te neem nie.

*(b)* 'n Munisipale raad kan, in spesiale omstandighede en by die aanvoer van gegronde redes, skriftelik by die LUR vir plaaslike regering aansoek doen om die tydperk van aanstelling in paragraaf *(a)* beoog, vir 'n verdere tydperk van nie langer nie as drie maande te verleng.

(3) 'n Besluit om 'n persoon as munisipale bestuurder aan te stel, en enige kontrak tussen die munisipaliteit en daardie persoon aangegaan as gevolg van die besluit, is van nul en gener waarde—

*(a)* indien die aangestelde persoon nie die voorgeskrewe vaardighede, kundigheid, bevoegdhede of kwalifikasies het nie; of

*(b)* indien die aanstelling andersins in stryd met hierdie Wet gemaak is.

(4) Indien die pos van munisipale bestuurder vakant word, moet die munisipaliteit—

*(a)* die pos landwyd adverteer om 'n poel van kandidate van regoor die land te trek; en

*(b)* 'n geskikte kandidaat uit die poel kandidate kies wat aan die voorgeskrewe vereistes vir aanstelling in die pos voldoen.

(5) Die munisipaliteit moet die pos heradverteer indien daar geen geskikte kandidaat is wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie.

(6) *(a)* Die munisipaliteit kan die LUR vir plaaslike regering versoek om 'n geskikte persoon, op sodanige voorwaardes wat voorgeskryf word, te sekondeer om in die geadverteerde posisie waar te neem totdat 'n geskikte kandidaat aangestel word.

*(b)* Indien die LUR vir plaaslike regering nie binne 'n tydperk van 60 dae na ontvangs van die versoek in paragraaf *(a)* bedoel 'n geskikte persoon gesekondeer het nie, kan die munisipaliteit versoek dat die Minister 'n geskikte persoon, op sodanige voorwaardes wat voorgeskryf word, sekondeer totdat 'n geskikte kandidaat aangestel is.

(7) *(a)* Die munisipaliteit moet die LUR vir plaaslike regering binne 14 dae inlig van die aanstellingsproses en die resultaat daarvan, soos voorgeskryf mag word.

*(b)* The MEC for local government must, within 14 days of receipt of the information referred to in paragraph *(a)*, submit a copy thereof to the Minister.

(8) If a person is appointed as municipal manager in contravention of this section, the MEC for local government must, within 14 days of receiving the information provided for in subsection (7), take appropriate steps to enforce compliance by the municipality with this section, which may include an application to a court for a declaratory order on the validity of the appointment, or any other legal action against the municipality.

(9) Where an MEC for local government fails to take appropriate steps referred to in subsection (8), the Minister may take the steps contemplated in that subsection.

(10) A municipality may, in special circumstances and on good cause shown, apply in writing to the Minister to waive any of the requirements listed in subsection (2) if it is unable to attract suitable candidates.

(11) A person who has been appointed as acting municipal manager before this section took effect, must be regarded as having been appointed in accordance with this section for the period of the acting appointment.

(12) Any pending legal or disciplinary action in connection with an appointment made before this section took effect, will not be affected by this section after it took effect.".

**Substitution of section 56 of Act 32 of 2000**

**3.** The following section is hereby substituted for section 56 of the principal Act:

**"Appointment of managers directly accountable to municipal managers**

**56.** (1) *(a)* A municipal council, after consultation with the municipal manager, must appoint—

(i) a manager directly accountable to the municipal manager; or

(ii) an acting manager directly accountable to the municipal manager under circumstances and for a period as prescribed.

*(b)* A person appointed in terms of paragraph *(a)*(i) must at least have the skills, expertise, competencies and qualifications as prescribed.

*(c)* A person appointed in terms of paragraph *(a)*(ii) may not be appointed to act for a period that exceeds three months: Provided that a municipal council may, in special circumstances and on good cause shown, apply in writing to the MEC for local government to extend the period of appointment contemplated in paragraph *(a)*, for a further period that does not exceed three months.

(2) A decision to appoint a person referred to in subsection (1)*(a)*(ii), and any contract concluded between the municipality and that person in consequence of the decision, is null and void if—

*(a)* the person appointed does not have the prescribed skills, expertise, competencies or qualifications; or

*(b)* the appointment was otherwise made in contravention of this Act,

unless the Minister, in terms of subsection (6), has waived any of the requirements listed in subsection (1)*(b)*.

(3) If a post referred to in subsection (1)*(a)*(i) becomes vacant, the municipal council must—

*(a)* advertise the post nationally to attract a pool of candidates nationwide; and

*(b)* select from the pool of candidates a suitable person who complies with the prescribed requirements for appointment to the post.

*(b)* Die LUR vir plaaslike regering moet, binne 14 dae van ontvangs van die inligting in paragraaf *(a)* bedoel, 'n afskrif daarvan aan die Minister voorlê.

(8) Indien 'n persoon in stryd met hierdie artikel as munisipale bestuurder aangestel word, moet die LUR vir plaaslike regering, binne 14 dae van ontvangs van die inligting waarvoor in subartikel (7) voorsiening gemaak word, gepaste stappe doen om nakoming van hierdie artikel deur die munisipaliteit af te dwing, wat 'n aansoek by 'n hof vir 'n verklarende bevel oor die geldigheid van die aanstelling, of enige ander geregtelike aksie teen die munisipaliteit, kan insluit.

(9) Indien 'n LUR vir plaaslike regering versuim om die gepaste stappe in subartikel (8) bedoel te doen, kan die Minister die stappe in daardie subartikel beoog, doen.

(10) 'n Munisipaliteit kan, onder spesiale omstandighede en by die aanvoer van gegronde redes, skriftelik by die Minister aansoek doen om kwytskelding van enige van die vereistes in subartikel (2) genoem indien die munisipaliteit nie geskikte kandidate kan trek nie.

(11) 'n Persoon wat as waarnemende munisipale bestuurder aangestel is voordat hierdie artikel in werking getree het, word geag ooreenkomstig hierdie artikel aangestel te wees vir die tydperk van die waarnemende aanstelling.

(12) Enige hangende geregtelike of dissiplinêre aksie in verband met 'n aanstelling wat gemaak is voordat hierdie artikel in werking getree het, sal nie deur hierdie artikel geraak word nadat dit in werking getree het nie.".

**Vervanging van artikel 56 van Wet 32 van 2000**

**3.** Artikel 56 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Aanstelling van bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is**

**56.** (1) *(a)* 'n Munisipale raad moet, na oorleg met die munisipale bestuurder—

(i) 'n bestuurder aanstel wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is; of

(ii) 'n waarnemende bestuurder aanstel wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, onder voorgeskrewe omstandighede en vir 'n voorgeskrewe tydperk.

*(b)* 'n Persoon wat ingevolge paragraaf *(a)*(i) aangestel is, moet ten minste die voorgeskrewe vaardighede, kundigheid, bevoegdhede en kwalifikasies hê.

*(c)* 'n Persoon ingevolge paragraaf *(a)*(ii) aangestel, mag nie langer as drie maande waarneem nie: Met dien verstande dat 'n munisipale raad in spesiale omstandighede en by die aanvoer van goeie gronde, skriftelik by die LUR vir plaaslike regering aansoek kan doen om die tydperk van aanstelling in paragraaf *(a)* beoog, te verleng vir 'n verdere tydperk van nie langer as drie maande nie.

(2) 'n Besluit om 'n persoon in subartikel (1)*(a)*(ii) bedoel aan te stel, en enige kontrak tussen die munisipaliteit en daardie persoon aangegaan op grond van die besluit, is van nul en gener waarde—

*(a)* indien die aangestelde persoon nie die voorgeskrewe vaardighede, kundigheid, bevoegdhede of kwalifikasies het nie; of

*(b)* indien die aanstelling andersins in stryd met hierdie Wet gemaak is,

tensy die Minister, ingevolge subartikel (6), kwytskelding toegestaan het van enige van die vereistes in subartikel (1)*(b)* genoem.

(3) Indien 'n pos in subartikel (1)*(a)*(i) bedoel vakant word, moet die munisipale raad—

*(a)* die pos landwyd adverteer om 'n poel van kandidate van regoor die land te trek; en

*(b)* 'n geskikte kandidaat uit die poel kandidate kies wat aan die voorgeskrewe vereistes vir aanstelling in die pos voldoen.

(4) The municipal council must re-advertise the post if there is no suitable candidate who complies with the prescribed requirements.

(4A) *(a)* The municipal council must, within 14 days of the date of appointment, inform the MEC for local government of the appointment process and outcome, as may be prescribed.

*(b)* The MEC for local government must, within 14 days of receipt of the information referred to in paragraph *(a)*, submit a copy thereof to the Minister.

(5) If a person is appointed to a post referred to in subsection (1)*(a)* in contravention of this Act, the MEC for local government must, within 14 days of becoming aware of such appointment, take appropriate steps to enforce compliance by the municipality with this Act, which steps may include an application to a court for a declaratory order on the validity of the appointment or any other legal action against the municipality.

(6) A municipality may, in special circumstances and on good cause shown, apply in writing to the Minister to waive any of the requirements listed in subsection (1)*(b)* if it is unable to attract suitable candidates.

(7) A person appointed in a permanent capacity as a manager directly accountable to the municipal manager when this section takes effect, must be regarded as having been appointed in accordance with this section.

(8) A person appointed as an acting manager directly accountable to the municipal manager when this section takes effect, must be regarded as having been appointed in accordance with this section only for the period of the acting appointment.

(9) Any pending legal or disciplinary action in connection with an appointment made before this section took effect, will not be affected by this section after it took effect.".

**Substitution of word in section 54A and section 56**

**4.** The principal Act is hereby amended by the substitution, in section 54A and section 56, for the word "municipality", wherever it occurs, of the words "municipal council".

**Insertion of section 56A in Act 32 of 2000**

**5.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 56:

**"Limitation of political rights of municipal managers and managers directly accountable to municipal managers**

**56A.** (1) A municipal manager or manager directly accountable to a municipal manager may not hold political office in a political party, whether in a permanent, temporary or acting capacity.

(2) This section does not apply to a person appointed as municipal manager or a manager directly accountable to the municipal manager when subsection (1) takes effect.".

**Amendment of section 57 of Act 32 of 2000**

**6.** (1) Section 57 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(a)* (i) be concluded within **[a reasonable time]** 60 days after a person has been appointed as the municipal manager or as a manager directly accountable to the municipal manager, failing which the appointment lapses: Provided that, upon

(4) Die munisipale raad moet die pos heradverteer indien daar geen geskikte kandidaat is wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie.

(4A) *(a)* Die munisipale raad moet die LUR vir plaaslike regering binne 14 dae van die datum van aanstelling inlig van die aanstellingsproses en die resultaat daarvan, soos voorgeskryf mag word.

*(b)* Die LUR vir plaaslike regering moet, binne 14 dae van ontvangs van die inligting van die inligting in paragraaf *(a)* bedoel, 'n afskrif daarvan aan die Minister voorlê.

(5) Indien 'n persoon in stryd met hierdie Wet in 'n pos in subartikel (1)*(a)* bedoel aangestel word, moet die LUR vir plaaslike regering, binne 14 dae nadat hy of sy van die aanstelling bewus geword het, gepaste stappe doen om nakoming van hierdie Wet deur die munisipaliteit af te dwing, wat 'n aansoek by 'n hof vir 'n verklarende bevel oor die geldigheid van die aanstelling of enige ander geregtelike aksie teen die munisipaliteit kan insluit.

(6) 'n Munisipaliteit kan, onder spesiale omstandighede en by die aanvoer van gegronde redes, skriftelik by die Minister aansoek doen om kwytskelding van enige van die vereistes in subartikel (1)*(b)* genoem indien die munisipaliteit nie geskikte kandidate kan trek nie.

(7) 'n Persoon wat in 'n permanente hoedanigheid aangestel is as 'n bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is wanneer hierdie artikel in werking tree, word geag ooreenkomstig hierdie artikel aangestel te wees.

(8) 'n Persoon wat as 'n waarnemende bestuurder aangestel is wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is wanneer hierdie artikel in werking tree, word geag ooreenkomstig hierdie artikel aangestel te wees slegs vir die tydperk van die waarnemende aanstelling.

(9) Enige hangende geregtelike of dissiplinêre aksie in verband met 'n aanstelling wat gemaak is voordat hierdie artikel in werking getree het, sal nie deur hierdie artikel geraak word na dit in gewerking getree het nie.".

**Vervanging van woord in artikel 54A en artikel 56**

**4.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur in artikel 54A en artikel 56 die woord "munisipaliteit", waar dit ook al voorkom, deur die woorde "munisipale raad" te vervang.

**Invoeging van artikel 56A in Wet 32 van 2000**

**5.** Die volgende artikel word hierby na artikel 56 van die Hoofwet ingevoeg:

**"Beperking van politieke regte van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is**

**56A.** (1) 'n Munisipale bestuurder of bestuurder wat regstreeks aan 'n munisipale bestuurder verantwoordbaar is, mag nie 'n politieke amp in 'n politieke party beklee nie, hetsy in 'n permanente, tydelike of waarnemende hoedanigheid.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n persoon aangestel as munisipale bestuurder of 'n bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is wanneer subartikel (1) in werking tree nie.".

**Wysiging van artikel 57 van Wet 32 van 2000**

**6.** (1) Artikel 57 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* (i) binne **['n redelike tyd]** 60 dae aangegaan word nadat 'n persoon aangestel is as 'n munisipale bestuurder of as 'n bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is, by gebreke waarvan die aanstelling verval: Met dien verstande dat, by die aanvoer van gegronde

good cause shown by such person to the satisfaction of the municipality, the appointment shall not lapse; and

(ii) be concluded annually, thereafter, within one month after the beginning of **[the]** each financial year of the municipality;";

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The employment contract referred to in subsection (1)*(a)* must—

*(a)* include **[, subject to applicable labour legislation,]** details of duties, remuneration, benefits and other terms and conditions of employment as agreed to by the parties, subject to consistency with—

(i) this Act;

(ii) any regulations as may be prescribed that are applicable to municipal managers or managers directly accountable to municipal managers; and

(iii) any applicable labour legislation; and

*(b)* be signed by both parties before the commencement of service.";

*(c)* by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) Any regulations that relate to the duties, remuneration, benefits and other terms and conditions of employment of municipal managers or managers directly accountable to municipal managers, must be regarded as forming part of an employment contract referred to in subsection (1)*(a)*.";

*(d)* by the deletion of paragraph *(b)* of subsection (4);

*(e)* by the insertion after subsection (4B) of the following subsection:

"(4C) Any regulations that relate to standards and procedures for evaluating performance of municipal managers or managers directly accountable to municipal managers, and intervals for evaluation, must be regarded as forming part of a performance agreement referred to in subsection (1)*(b)*."; and

*(f)* by the deletion of subsection (7).

(2) The deletion of section 57(7) of the principal Act does not affect the continuation or validity of a fixed-term employment contract of a manager directly accountable to the municipal manager which is in force when this Act takes effect.

**Insertion of section 57A in Act 32 of 2000**

**7.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 57:

**"Employment of dismissed staff and record of disciplinary proceedings**

**57A.** (1) Any staff member dismissed for misconduct may only be re-employed in any municipality after the expiry of a prescribed period.

(2) The Minister must prescribe different periods of expiry, as contemplated in subsection (1), for different categories of misconduct.

(3) Notwithstanding subsection (1) and (2), a staff member dismissed for financial misconduct contemplated in section 171 of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No. 56 of 2003), corruption or fraud, may not be re-employed in any municipality for a period of ten years.

(4) Notwithstanding subsection (1), the Minister may prescribe acts of misconduct in respect of which no period need expire before a person may again be employed in any municipality.

(5) Subject to subsection (1), a decision to employ a person dismissed for misconduct must be taken with due regard to the nature of the misconduct concerned.

(6) A municipality must maintain a record that contains the prescribed information regarding the disciplinary proceedings of staff members dismissed for misconduct.

(7) A copy of the record referred to in subsection (6) must be submitted to the MEC for local government on a quarterly basis.

redes deur sodanige persoon tot die bevrediging van die munisipaliteit, die aanstelling nie sal verval nie; en

(ii) daarna, jaarliks aangegaan word binne een maand na die begin van **[die]** elke finansiële jaar van die munisipaliteit;";

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die dienskontrak bedoel in subartikel (1)*(a)* moet—

*(a)* **[, behoudens toepaslike arbeidswetgewing,]** besonderhede van pligte, besoldiging, voordele en ander diensvoorwaardes insluit soos deur die partye ooreengekom behoudens bestaanbaarheid met—

(i) hierdie Wet;

(ii) enige regulasies wat voorgeskryf kan word wat van toepassing is op bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is; en

(iii) enige toepaslike arbeidswetgewing; en

*(b)* deur beide partye onderteken word voordat diens begin word.";

*(c)* deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Enige regulasies wat verband hou met die pligte, besoldiging, voordele en ander diensvoorwaardes van munisipale bestuurders of bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is, word geag deel van 'n dienskontrak in subartikel (1)*(a)* bedoel te wees.";

*(d)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (4) te skrap;

*(e)* deur die volgende subartikel na subartikel (4B) in te voeg:

"(4C) Enige regulasies wat verband hou met standaarde en prosedures vir die evaluering van die prestasie van munisipale bestuurders of bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is, en tussenposes tussen evaluerings, word deel van 'n prestasie-ooreenkoms in subartikel (1)*(b)* geag."; en

*(f)* deur subartikel (7) te skrap.

(2) Die skrapping van artikel 57(7) van die Hoofwet raak nie die voortsetting of geldigheid van 'n vastetermyn-dienskontrak van 'n bestuurder wat regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar is wat van krag is wanneer hierdie Wet in werking tree nie.

**Invoeging van artikel 57A in Wet 32 van 2000**

**7.** Die volgende artikel word hierby na artikel 57 in die Hoofwet ingevoeg:

**"Indiensneming van ontslaande personeel en rekord van dissiplinêre verrigtinge**

**57A.** (1) 'n Munisipale werknemer ontslaan weens wangedrag kan slegs weer deur 'n munisipaliteit in diens geneem word nadat 'n voorgeskrewe tydperk verstryk het.

(2) Die Minister moet verskillende tydperke van verstryking, in subartikel (1) beoog, vir verskillende kategorieë van wangedrag voorskryf.

(3) Ondanks subartikels (1) en (2), kan 'n personeellid wat vir finansiële wangedrag beoog in artikel 171 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003), korrupsie of bedrog ontslaan is, vir 'n tydperk van tien jaar nie weer deur enige munisipaliteit in diens geneem word nie.

(4) Ondanks subartikel (1), kan die Minister handelinge van wangedrag voorskryf ten opsigte waarvan geen tydperk hoef te verstryk voordat 'n persoon weer deur 'n munisipaliteit in diens geneem kan word nie.

(5) Behoudens subartikel (1), moet 'n besluit oor die indiensneming van 'n persoon wat weens wangedrag ontslaan is, met behoorlike inagneming van die aard van die wangedrag wat gepleeg is, geneem word.

(6) 'n Munisipaliteit moet 'n rekord hou wat voorgeskrewe inligting bevat oor die dissiplinêre verrigtinge van personeellede wat weens wangedrag ontslaan is.

(7) 'n Afskrif van die rekord in subartikel (6) bedoel, moet kwartaalliks aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word.

(8) The MEC for local government must, within 14 days of receipt of the record referred to in subsection (6), submit a copy thereof to the Minister.

(9) The Minister must maintain a record of all staff members that have—

*(a)* been dismissed for misconduct; or

*(b)* resigned prior to the finalisation of the disciplinary proceedings,

which record must be made available to municipalities as prescribed.".

**Amendment of section 66 of Act 32 of 2000**

**8.** Section 66 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* **[approve]** develop a staff establishment for the municipality, and submit the staff establishment to the municipal council for approval;"; and

*(b)* by the insertion after subsection (2) of the following subsections:

"(3) No person may be employed in a municipality unless the post to which he or she is appointed, is provided for in the staff establishment of that municipality.

(4) A decision to employ a person in a municipality, and any contract concluded between the municipality and that person in consequence of the decision, is null and void if the appointment was made in contravention of subsection (3).

(5) Any person who takes a decision contemplated in subsection (4), knowing that the decision is in contravention of subsection (3), may be held personally liable for any irregular or fruitless and wasteful expenditure that the municipality may incur as a result of the invalid decision.".

**Amendment of section 67 of Act 32 of 2000**

**9.** Section 67 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the words in subsection (1) preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(1) A municipality, in accordance with applicable law and subject to any applicable collective agreement, must develop and adopt appropriate systems and procedures, consistent with any uniform standards prescribed in terms of section 72(1)*(c)*, to ensure fair, efficient, effective and transparent personnel administration, including—"; and

*(b)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Systems and procedures adopted in terms of subsection (1), apply also to a person referred to in section 57 **[except to the extent that they are inconsistent with that person's employment contract]**.".

**Amendment of section 71 of Act 32 of 2000**

**10.** The following section is hereby substituted for section 71 of the principal Act:

**"Bargaining council agreements**

**71.** (1) Organised local government must, before embarking on any negotiations with parties in the bargaining council established for municipalities, consult the—

*(a)* Financial and Fiscal Commission established in terms of section 220 of the Constitution;

*(b)* Minister; and

*(c)* any other parties as may be prescribed.

(2) Organised local government must, in concluding any collective agreement resulting from negotiations contemplated in subsection (1), take into account—

*(a)* the budgets of municipalities;

*(b)* the fiscal capacity and efficiency of municipalities; and

(8) Die LUR vir plaaslike regering moet, binne 14 dae vanaf ontvangs van die rekord in subartikel (6) bedoel, 'n afskrif daarvan aan die Minister voorlê.

(9) Die Minister moet 'n rekord hou van alle personeellede wat—

*(a)* weens wangedrag ontslaan is; of

*(b)* bedank het voordat die dissiplinêre verrigtinge afgehandel is,

welke rekord soos voorgeskryf aan munisipaliteite beskikbaar gemaak moet word.".

**Wysiging van artikel 66 van Wet 32 van 2000**

**8.** Artikel 66 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n diensstaat vir die munisipaliteit **[goedkeur]** ontwikkel, en die diensstaat aan die munisipale raad vir goedkeuring voorlê;"; en

*(b)* deur na subartikel (2) die volgende subartikels in te voeg:

"(3) Geen persoon kan in 'n munisipaliteit in diens geneem word tensy voorsiening in die diensstaat van daardie munisipaliteit gemaak word vir die pos waarin hy of sy aangestel word nie.

(4) 'n Besluit om 'n persoon in 'n munisipaliteit in diens te neem, en enige kontrak wat ten gevolge van die besluit tussen die munisipaliteit en daardie persoon aangegaan word, is van nul en gener waarde indien die aanstelling in stryd met subartikel (3) gemaak is.

(5) 'n Persoon wat 'n besluit in subartikel (4) beoog neem, wetend dat die besluit in stryd met subartikel (3) is, kan persoonlik aanspreeklik gehou word vir enige onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawes wat die munisipaliteit mag aangaan as gevolg van die ongeldige besluit.".

**Wysiging van artikel 67 van Wet 32 van 2000**

**9.** Artikel 67 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(1) 'n Munisipaliteit moet, ooreenkomstig toepaslike wetgewing en behoudens enige toepaslike kollektiewe ooreenkoms, toepaslike stelsels en prosedures ontwikkel en aanneem wat bestaanbaar is met eenvormige standaarde ingevolge artikel 72(1)*(c)* voorgeskryf ten einde billike, doeltreffende, effektiewe en deursigtige personeeladministrasie te verseker, insluitende—"; en

*(b)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Stelsels en prosedures wat ingevolge subartikel (1) aangeneem word, is ook van toepassing op 'n persoon bedoel in artikel 57**[, behalwe in die mate wat dit met daardie persoon se dienskontrak onbestaanbaar is]**.".

**Wysiging van artikel 71 van Wet 32 van 2000**

**10.** Artikel 71 van in die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Bedingingsraadbesluite**

**71.** (1) Georganiseerde plaaslike regering moet, voor in enige onderhandelinge met partye in die bedingingsraad ingestel vir munisipaliteite getree word, oorleg pleeg met—

*(a)* die Finansiële en Fiskale Kommissie ingestel ingevolge artikel 220 van die Grondwet;

*(b)* die Minister; en

*(c)* enige ander partye wat voorgeskryf mag word.

(2) Georganiseerde plaaslike regering moet in die aangaan van enige kollektiewe ooreenkoms wat die gevolg is van onderhandelinge in subartikel (1) bedoel—

*(a)* die begrotings van munisipaliteite;

*(b)* die fiskale kapasiteit en doeltreffendheid van munisipaliteite; en

(c) national economic policies.

(3) Municipalities must comply with any collective agreements concluded by organised local government within its mandate on behalf of local government in the bargaining council established for municipalities.".

**Amendment of section 72 of Act 32 of 2000**

**11.** Section 72 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for subparagraph (ii) of paragraph *(c)* of the following subparagraph:

"(ii) municipal staff systems and procedures referred to in section 67(1) and the matters that must be dealt with in such systems and procedures, including—

*(aa)* transfers; and

*(bb)* termination of service.";

*(b)* by the substitution for paragraph *(e)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(e)* training, competency and skills development of staff members of municipalities, including in-house training, subject to the requirements of the Skills Development Act, 1998 (Act No. 81 of 1998), the Skills Development Levies Act, 1999 (Act No. 28 of 1999), and the **[Local Government]** Municipal Finance Management Act **[, 2003 (Act No. 56 of 2003)]**;";

*(c)* by the insertion in subsection (1) after paragraph *(g)* of the following paragraphs:

"*(g*A*)* subject to applicable labour legislation, the regulation of medical aid and pension, after consultation with the Minister of Health and the Minister of Finance;

(*g*B) the level of skills, expertise and competency that municipal managers and managers directly accountable to municipal managers must have;

(*g*C) prohibiting the performance of remunerative work outside the municipality;";

*(d)* by the deletion in subsection (2) at the end of paragraph *(a)* of the word "and";

*(e)* by the insertion in subsection (2) at the end of paragraph *(b)* of the word "; and"; and

*(f)* by the insertion in subsection (2) after paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(c)* when necessary, differentiate between different categories of municipal staff members."; and

*(g)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) The Minister may, subject to applicable labour legislation and after consultation with the Minister for Public Service and Administration, make regulations relating to the duties, remuneration, benefits and other terms and conditions of employment of municipal managers and managers directly accountable to municipal managers.".

**Amendment of section 106 of Act 32 of 2000**

**12.** Section 106 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (4) of the following subsection:

"(5) *(a)* Where an MEC fails to conduct an investigation within 90 days, notwithstanding a request from the Minister in terms of subsection (4)*(a)*, the Minister may in terms of this section conduct such investigation.

*(b)* The Minister must send a report detailing the outcome of the investigation referred to in paragraph *(a)* to the President.".

**Amendment of section 120 of Act 32 of 2000**

**13.** Section 120 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* the matters listed in sections 22, 37, 49, 54A, 56, 72, 86A and 104;".

*(c)* nasionale ekonomiese beleid,
in ag neem.

(3) Munisipaliteite moet voldoen aan enige kollektiewe ooreenkoms aangegaan deur georganiseerde plaaslike regering binne sy mandaat namens plaaslike regering in die bedingingsraad wat vir munisipaliteite ingestel is.".

**Wysiging van artikel 72 van Wet 32 van 2000**

**11.** Artikel 72 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) subparagraaf (ii) van paragraaf *(c)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) munisipale personeelstelsels en -prosedures in artikel 67(1) bedoel en die aangeleenthede wat in sodanige stelsels en prosedures gehanteer moet word, insluitend—

*(aa)* oorplasings; en

*(bb)* diensbeëindiging;";

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* die opleiding en die ontwikkeling van die bevoegdhede en vaardighede van personeellede van munisipaliteite, insluitende interne opleiding, behoudens die vereistes van die "Skills Development Act, 1998" (Wet No. 81 van 1998), die "Skills Development Levies Act, 1999" (Wet No. 28 van 1999), en die Wet op **[Plaaslike Regering:]** Munisipale Finansiële Bestuur**[, 2003 (Wet 56 van 2003)]**;";

*(c)* deur in subartikel (1) na paragraaf *(g)* die volgende paragrawe in te voeg:

"*(g*A*)* behoudens toepaslike arbeidswetgewing, die reëling van mediese fondse en pensioen, na oorleg met die Minister van Gesondheid en die Minister van Finansies;

*(g*B*)* die vlak van vaardighede, kundigheid en bevoegdheid wat munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is moet hê;

*(g*C*)* wat die verrigting van besoldigde werk buite die munisipaliteit verbied;";

*(d)* deur in subartikel (2) aan die einde van paragraaf *(a)* die woord "en" te skrap;

*(e)* deur in subartikel (2) aan die einde van paragraaf *(b)* die woord "; en" in te voeg;

*(f)* deur in subartikel (2) na paragraaf *(b)* die volgende paragraaf in te voeg:

"*(c)* wanneer nodig, onderskei tussen verskillende kategorieë munisipale personeellede."; en

*(g)* deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

"(2A) Die Minister kan, behoudens toepaslike arbeidswetgewing en na oorleg met die Minister vir die Staatsdiens en Administrasie, regulasies uitvaardig oor die pligte, besoldiging, voordele en ander diensvoorwaardes van munisipale bestuurders en bestuurders wat regstreeks aan munisipale bestuurders verantwoordbaar is.".

**Wysiging van artikel 106 van Wet 32 van 2000**

**12.** Artikel 106 van die Hoofwet word hierby gewysig deur na subartikel (4) die volgende subartikel in te voeg:

"(5) *(a)* Waar 'n LUR versuim om 'n ondersoek binne 90 dae te doen, ondanks 'n versoek van die Minister ingevolge subartikel (4)*(a)*, kan die Minister ingevolge hierdie artikel die ondersoek doen.

*(b)* Die Minister moet 'n verslag waarin die resultaat van die ondersoek in paragraaf *(a)* bedoel uiteengesit word, aan die President stuur.".

**Wysiging van artikel 120 van Wet 32 van 2000**

**13.** Artikel 120 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die aangeleenthede in artikels 22, 37, 49, 54A, 56, 72, 86A en 104 genoem;".

**Amendment of Schedule 1 to Act 32 of 2000**

**14.** Schedule 1 to the principal Act is hereby amended by the insertion of the following item after item 2:

> **"Voting at meetings**
>
> **2A.** A councillor may not vote in favour of or agree to a resolution which is before the council or a committee of the council which conflicts with any legislation applicable to local government.".

**Repeal of section 82 of Act 117 of 1998**

**15.** Section 82 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, is hereby repealed.

**Transitional arrangements**

**16.** This Act does not affect the employment contract of a municipal manager or a manager directly accountable to the municipal manager entered into before this Act took effect, and such contract continues until it lapses or is terminated.

**Short title**

**17.** This Act is called the Local Government: Municipal Systems Amendment Act, 2011.

**Wysiging van Bylae 1 tot Wet 32 van 2000**

**14.** Bylae 1 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende item na item 2 in te voeg:

> **"Stemming by vergaderings**
>
> **2A.** 'n Raadslid kan nie stem ten gunste van of instem tot 'n resolusie wat voor die raad of 'n komitee van die raad dien en wat teenstrydig is met enige wetgewing wat van toepassing op plaaslike regering is nie.".

**Herroeping van artikel 82 van Wet 117 van 1998**

**15.** Artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, word hierby herroep.

**Oorgangsbepalings**

**16.** Hierdie Wet raak nie die dienskontrak van 'n munisipale bestuurder of bestuurder regstreeks aan die munisipale bestuurder verantwoordbaar wat aangegaan is voordat hierdie Wet in werking getree het nie, en sodanige kontrak gaan voort totdat dit verstryk of beëindig word.

**Kort titel**

**17.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2011.